Graad 5: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Kwartaal 1 Assessering

Naam: _____

Tyd: 40 minute

Datum: _____

Totaal: / 35

Instruksies:

- Lees al die vrae deeglik deur.
- Beantwoord al die vrae op die vraestel.
- Geniet dit!



Afdeling A: Leesbegrip

Lees die storie van Ben en sy pa, en beantwoord die vrae wat volg.

Ben en sy pa het die naweek gaan kamp. Ben wou skatte by die rivier gaan soek. Sy ouer broer het altyd vir hom gesê, "Een mens se gemors, is 'n ander se skat." Hy kon nie wag om te sien hoeveel goud en silwer daar by die rivier is nie.

Soos hulle aangery kom, het hy by die venster uitgekyk. Hy het 'n paar groot swartsakke, grillerige ou stoele, 'n gebreekte tent en 'n paar stink visgrate gesien.

"Waar is al die skatte?" het Ben sy pa gevra. "Skatte? Ons is hier om vis te vang," het sy pa gesê.

Ben laat sak sy kop. Hy kyk langs die rivier af en sien iets wat blink. Hy hardloop nader om te kyk wat dit kan wees. Hy het 'n skat ontdek! Dit was kunsaas en nog feitlik nuut.

"Kyk wat het ek gekry," het hy geskree terwyl hy terughardloop, "'n Skat!"

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

naweek / weekend	**skatte / treasures**	**gemors / rubbish**	**uitgekyk / looked out of**	**visgrate / fish skeletons**	**kunsaas / lures**

1. Ben en sy pa het gaan _____. (1)
   a. fietsry
   b. kamp
   c. stap
   d. kook
2. Ben en sy pa gaan in die rivier _____. (1)
   a. visvang
   b. visstok
   c. swem
   d. speel
3. Ben het 'n jonger broer? **waar / onwaar** (1)
4. Ben het nuwe stoele gesien? **waar / onwaar** (1)
5. Waar het Ben en sy pa gekamp? (1)

   _____
6. Noem 4 goed wat Ben uit die venster uit kon sien. (4)

   _____

   _____

   _____
7. Wat dink Ben hulle gaan doen? (1)

   _____
8. Hoe voel Ben toe hy sy kop gesak het? (1)

   _____
9. Watter skat het Ben gevind? (1)

   _____

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

10. Dink jy dat dit 'n skat is? (2)

_____

_____

11. Wat wou Ben vind? (2)

_____

_____

12. Hoe het Ben sy skat gevind? (2)

_____

_____

13. Watter skat so jy wou vind en hoekom? (2)

_____

_____

Totaal: 20

Afdeling B: Taal

Lees aandagtig en voltooi die volgende vrae.

1. **Antoniem** (teenoorgestelde): Skryf die antoniem (teenoorgestelde) van die volgende woorde (2)

   a. ouer _____ b. groot _____

2. **Alfabetiese volgorde:** Skryf die volgende woorde in alfabetiese volgorde. (2)

vis	
stoele	
visgrate	
swartsakke	

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

3. Die volgende vrae gaan oor die onderstaande sin:
   Hy kyk langs die rivier af en sien iets wat blink. (4)

   a. Identifiseer 'n selfstandige naamwoord: _____

   b. Identifiseer 'n voegwoord: _____

   c. Identifiseer 'n werkwoord: _____

   d. Identifiseer 'n voornaamwoord: _____

4. **Direkte en Indirekte Rede** (2)

   a. Skryf in die indirekte rede:
   "Een mens se gemors, is 'n ander se skat." sê Ben se ouer broer.

   Ben se ouer broer sê dat _____.

   b. Skryf in direkte rede:
   Pa sê dat ons hier is om vis te vang.

   Pa sê _____.

5. **Meervoude en Verkleining**
   Voltooi die tabel:

Woord	Meervoud	Verkleining
stoel		
	tente	
		visgraatjie
swartsak		
	koppe	

Totaal: 15

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS